higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

18 Februarie 2025

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Onwaar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Die oomblik van waarheid is enige punt waar 'n langdurige, positiewe verwantskap tussen 'n klant en 'n diensverskaffers gevestig word. ✓✓

2.2 Herwinning behels dat items weer in dieselfde of 'n ander vorm gebruik word.✓✓

2.3 Intermodaliteit is wanneer twee of meer vervoermetodes gekombineer word.✓✓

2.4 Korrosie is die vernietiging, degradering of verswakking van materiaal as gevolg van die reaksie tussen die materiaal en die omgewing.✓✓

2.5 Vraagvooruitskatting is die vermoë om die hoeveelheid van 'n diens of produk wat klante op 'n stadium in die toekoms sal koop, te voorspel.✓✓

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

3.1
- Duur foute:✓ die verkeerde keuse van 'n terrein sal die sukses van 'n onderneming vir 'n lank tyd belemmer.✓
- Hoë vervoerkoste:✓ die koste van die vervoer van goedere vanaf 'n pakhuis na die klant hang tot 'n groot mate van die brandstofprys af.✓
- Verlies van sake:✓ wanneer die terrein vir 'n pakhuis oorweeg word, mag die jaarlikse huur en installasies 'n negatiewe invloed op die onderneming se netto wins hê.✓
- Gebrek aan betroubare arbeid:✓ die onderneming moet die beskikbaarheid van 'n betroubare en produktiewe arbeidsmag oorweeg.✓ (4 × 2) (8)

3.2
- Goedere se sensitiwiteit vir warmte.✓✓
- Die risiko dat goedere breek of beskadig word.✓✓
- Waar die bo- en onderkant is.✓✓
- Waar die ewewigspunt geleë is.
- Waar takelwerk gebruik mag word. (Enige 3 × 2) (6)

3.3
- Alle werkgebiede moet in stand gehou word.✓✓
- Nat gebiede moet oor glyvaste oppervlakke beskik waar mense veilig kan loop en werk.✓✓
- Die maksimum gewig wat veilig deur die vloer ondersteun kan word moet in 'n sigbare ligging aangedui word.✓✓ (Enige 2 × 2) (4)

3.4
- Kontrakstrategie:✓ die verkrygingsdepartement moet met al die betrokke partye soos die regsdepartement en die klant oor die vereistes vir al die goedere onderhandel.✓
- Spesifikasies:✓ die spesifikasies is die belangrikste van enige tenderdokumentasie. Indien dit nie goed deurdink is nie, kan dit tot eindelose probleme tussen die klant en die verskaffer lei.✓
- Kommunikasie:✓ die tenderproses is bedoel om gelyke geleenthede vir alle partye wat 'n tender wil voorlê, te bied.✓
- Vooraf-kwalifisering:✓ word gebruik om die aantal tenderaars vir spesifieke vereistes te beperk.✓
- Uitnodiging om tender voor te lê:✓ word gewoonlik in 'n geslote tenderproses gebruik. Dit beteken dat elke bod in 'n verseëlde koevert ingedien moet word.✓
- Oopmaak van tenders: alle lede van die tenderraad moet teenwoordig wees wanneer die tenders oopgemaak word.
- Evaluering van tenders: Die tenderraad sal al die komponente van alle tenders evalueer. Hulle sal verseker dat alle tenders aan die tendervereistes voldoen.
- Besluit van die tenderpaneel: Wanneer die finale besluit geneem word, moet die (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.5
- Vooraftransaksie:✓ vestig omstandighede wat bevorderlik of gunstig is vir wenslike klantediens.✓
- Transaksie:✓ hierdie komponent bestaan uit die aksies wat direk tot die lewering van die produk aan die klant sal lei.✓
- Na-transaksie:✓ hierdie transaksie sluit dienste soos naverkopediens in.✓

(3 × 2) (6)

3.6 3.6.1 Padvervoer (1)

3.6.2
- Padvervoer vereis relatief klein, vaste beleggings in vervoereindpunte.✓✓
- Dit word op openbare paaie bedryf. ✓✓
- Veranderlike koste per kilometer is baie hoog.✓✓
- Padvervoer is arbeidsintensief.
- Dit bevoordeel vervaardiging en verspreiding van produkte van goeie gehalte wat oor kort afstande vervoer moet word.
- Dit voorsien in individuele keuses en is buigsaam.
- Dit is die beste geplaas om kleiner vragte oor kort afstande te vervoer. (Enige 3 × 2) (6)

3.6.3 Swaarvoertuig en sleepwa (1)

[42]

VRAAG 4

4.1
- Naam en adres van die sender en die ontvanger van die goedere.✓✓
- Adresse van die vertrek- en eindpunt.✓✓
- Voertuig of vaartuig wat gebruik word.✓✓
- Vertrek en aankomsdatum.✓✓
- Lys goedere wat vervoer word.✓✓
- Merktekens en nommers op die verpakking. (Enige 5 × 2) (10)

4.2
- Swak instandhouding van paaie
- Hoë belastingsheffings
- Diefstal
- Beperkte outomatisering
- Diverse arbeidsmark (5)

4.3
- Om uitstekende klantediens te verseker.✓✓
- Om te verseker dat net genoeg voorraad gehou word.✓✓
- Om die laagste moontlike bedryfskoste te verseker.✓✓
- Om die kanse vir diefstal en kleindiewery te voorkom.
- Om ongelukke in die pakhuis te voorkom.
- Om onverkoopbare artikels te voorkom. (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.4
- Waarde vir geld
- Oop en doeltreffend
- Etiek en regverdige handel
- Boekhouding
- Aankoopbeplanning
- Bepaling van standaarde
- Ontwikkeling van spesifikasies
- Navorsing en seleksie van verskaffers
- Finansiering
- Onderhandeling oor die prys
- Die aankope
- Kontrakadministrasie vir verskaffers (Enige 5 × 1) (5)

4.5
- Wet op Verbruikersbeskerming (Wet 68 van 2008).
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet (Wet 59 van 2008).
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 55 van 1993).
- Regulasies vir gevaarlike chemiese middels, 1995. (Enige 3 × 1) (3)

[26]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Herverbruiksentra: word gebruik om goedere, materiaal en goedere wat voorheen gebruik, maar steeds bruikbaar is, te versamel.✓✓
- Hervervaardiging: herstel en opknapping van waardevolle onderdele soos enjinblokke, wat versend en in 'n fabrieksomgewing hergebruik word.✓✓
- Depositoprogramme: dit verskaf finansiële aansporings om verpakking en ander gebruikte goedere terug te besorg. Byvoorbeeld, kontant terug vir bottels, kratte en gassilinders.✓✓
- Geslote-lusprogramme: word algemeen vir verpakkingsmateriaal gebruik, byvoorbeeld deur meubelvervoerders en wanneer goedere vanaf 'n sentrale vervaardigingsfasiliteit na pakhuise vervoer word.✓✓
- Herbenutting: 'n herwinningsmetode waar die produk vir 'n totaal ander doel gebruik word.✓✓ (5 × 2) (10)

5.1.2 Enige afval wat organiese of anorganiese elemente of verbindings bevat wat 'n nadelige invloed op 'n persoon se gesondheid en die omgewing mag hê.✓✓ (2)

5.2
- Die maatskappy kan nie aan die klante se verwagtinge voldoen nie.✓✓
- Verhoging in produksiekoste.✓✓
- Die maatskappy kan nie wisseling in die vraag hanteer nie.✓✓
- Die maatskappy kan nie veranderlike lewertyd hanteer nie.✓✓
- Aankoopkoste verhoog.✓✓
- Wanorde en verwarring in die pakhuis.
- Verlies van tyd en produkte wat sensitief is vir toestande soos warmte.
- Diefstal en kleindiewery. (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Aflewerings- en verskaffersnotas vir inkomende goedere.
- Aankoopbestellings, kwitansies en kredietnotas.
- Teruggawenotas.
- Rekwisisie- en uitreikingsnotas vir uitgaande goedere. (4)

5.4
- Pos
- Faks of telefoon
- E-pos
- Elektroniese dataruiling (4)

5.5
- Luister: gee aan ontevrede klante die kans om hul gevoelens te lug. Hierna sal die klant meer bereid wees om die probleme te bespreek.✓✓
- Maak verskoning: indien 'n fout voorgekom het, moet 'n verskoning aangebied word.✓✓
- Maak aantekeninge: skryf belangrike punte neer terwyl die klant praat.✓✓
- Herhaal die situasie soos jy dit verstaan: nadat die klant klaar gepraat het, som op wat jy gehoor het.✓✓
- Vra vir voorstelle: deur die klant te vra wat hy/sy dink jy moet doen om die probleem op te los, kry die klant die kans om presies te sê wat hy/sy wil hê. Wees egter bedag daarop dat die klant dikwels onrealistiese verwagtinge sal hê.✓✓
- Stem ooreen: maak seker dat wat jy gaan doen so deur die klant verstaan word.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 6

6.1
- Papierkussing
- Lugkussing
- Skuim-in-posisie
- Onpresiese passing (Enige 3 × 1) (3)

6.2
- Ongelukke met swaar toerusting: werknemers is geneig om te vergeet van die gevare wat die gebruik van swaar toerusting soos vurkhysers inhou.✓✓
- Gly en val: dit is twee algemene gevare in pakhuise wat vermy moet word. Werknemers moet op die uitkyk wees vir los materiaal.✓✓
- Brande: kan ernstige gevare in enige pakhuis veroorsaak. Alle pakhuise moet oor spesifieke permitte met betrekking tot brand, uitgange wat duidelik gemerk is en brandblussers beskik.✓✓
- Val en botsings: die meeste beserings in pakhuise kom voor wanneer iemand val – omdat die persoon gly of oor iets val of omdat hulle hoër as op grondvlak werk.✓✓
- Blootstelling aan gevaarlike middels: strawwe chemiese stowwe soos asbes hou ernstige gevare in pakhuise en werksareas in. Vervaardigers van chemiese stowwe moet alle strawwe chemiese stowwe etiketteer.

(Enige 4 × 2) (8)

6.3
- Kontant by aflewering (KBA)
- Tjek
- Elektroniese fondsoorplasing (EFO)
- Reële-tyd-verrekening
- Bankoordrag
- Telefoniese oordrag (Enige 5 × 1) (5)

6.4
- Identifiseer 'n vereiste: werknemers in maatskappye moet gewoonlik versoeke aan die verkrygingsdepartement rig wanneer goedere verkry moet word.✓✓
- Verkry kwotasies: die verkrygingsdepartement moet hul gewone verskaffers telefonies kontak om kwotasie te kry of om te versoek dat kwotasies gelewer word.✓✓
- Plaas 'n bestelling: in baie gevalle word 'n bestelling geplaas op grond van 'n kwotasie wat vanaf 'n betroubare verskaffer ontvang is.
- Assesseer die aanbiedinge: sodra die verkrygingsdepartement die kwotasie ontvang het, mag hulle besluit om 'n tenderproses aan die gang te sit om te verseker dat hulle die regte besluit neem. (Enige 2 × 2) (4)

6.5
- Buffervoorraad of veiligheidsvoorraad
- Sikliese voorraad
- Onverkoopbare artikels
- Voorraad wat vervoer word
- Promosievoorraad
- Seisoenale voorraad
- Spekulatiewe voorraad
- Werkvoorraad (Enige 2 × 1) (2)

[22]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou